

# Republikein

*Jou land. Jou taal. Jou koerant.*

## Optrede teen wildstropery nodig Implementeer toepaslike wette

06 July 2020 | [Omgewing](#)



1.



Ellanie Smit

Die Finansiële Aksie-taakmag beskryf in sy eerste verslag oor wildmisdaad dit as 'n internasionale bedreiging wat verbind kan word met georganiseerde misdaad soos slawerny, dwelm- en wapensmokkelary.

Volgens die verslag is daar 'n gebrek aan fokus op die finansiële aspek van wildmisdaad en stel voor alle regerings moet wette op geldwassery implementeer.

Die studie se bevindings is gebaseer op die insette van 50 lande, Namibië ingesluit, wat lid is van die Oostelike en Suider-Afrika Teengeldwasserygroep (ESAAMLG).

'n Totaal van 22 uit 45 lande het aangedui dat hulle hulself as 'n bron van wildmisdaad ag – 18 as deurgangslende en 14 as bestemmingslande.

Almal, buiten nege lande, het aangedui dat hulle deur die risiko van finansiële vloei wat verbind word met wildmisdaad geraak word.

Miljarde per jaar

Na raming genereer onwettige wildhandel inkomste van tot US\$23 miljard (N\$396,8 miljard) per jaar. Misdadigers misbruik dikwels wettige wildhandel en ander invoer- en uitvoerbesighede as 'n dekmantel om onwettige inkomste van wildmisdaad te verskuif en weg te steek.

Die verslag sê geldwassery vind plaas deur kontantdeposito's onder die dekmantel van lenings of betalings, e-bankplatforms, gelisensieerde geldoordragstelsels en derdeparty elektroniese oordragte via banke.

Oor die uitspattige winste van onwettige wildhandel, lui die verslag dat renosterhoring 'n prys van US\$65 000 (N\$1,1 miljoen) per kilogram kan haal, maar dit was al so laag soos US\$9 000 (N\$155 250) per kilogram.

Misdadigers het tussen 2016 en 2017 sowat 4 500 renosterhorings uit Afrika gesmokkel met 'n inkomste van tussen US\$79 miljoen (N\$1,36 miljard) en US\$292 miljoen (N\$5 miljard).

Die prys wat aan olifantstropers betaal word kan US\$200 (N\$3 450) of minder wees, terwyl ivoor by bestemmingsmarkte tussen US\$500 (N\$8 625) en US\$1 000 (N\$17 250) per kilogram werd is.

Namibiese ondersoek

Die studie het spesifiek verwys na navorsing van Namibië se Finansiële Intelligensie-eenheid in 2017 oor die onwettige finansiële risiko's van plaaslike renoster- en olifantstropery.

Volgens die navorsing is plaaslike wildbronne, die aantal Namibiërs betrokke in wildmisdaad in die land en streek, plaaslike beslagleggings en verdagte transaksieverslae rakende onwettige wildhandel in ag geneem.

Die studie noem ook die weerloosheid van plaaslike geldoordragdienste en kontantkoeriers en het bevind dat inkomste ook gewas kan word deur betalings wat gemaak word onder uitvoerkontrakte om goedere aan Namibië te verskaf.

'n Beroep word op regerings gedoen om hul daadwerklike optrede binne 12 maande bekend te maak.

– ellanie@namibiansun.com